IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.995/2003

DATUM: 11 JUNIE 2004

In die saak tussen:

KENNETH PERRY — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

---

## UITSPRAAK

ALLIE, R:

Die appellant is op 21 September 2000 in die Bellville streekhof skuldig bevind op een aanklag van roof en een van verkragting. Die appellant het regsverteenwoordiging gehad en het onskuldig gepleit op beide klagtes. Die appellant het nie 'n pleitverduideliking geoffer met betrekking tot die roof

aanklag nie. Hy is op 19 September 2001 gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf op die roof aanklag en 14 jaar gevangenisstraf op die verkragting aanklag. Die appellant appelleer slegs teen die skuldigbevinding op die roof aanklag.

Namens die appellant het mnr Solomon betoog dat die klaagster 'n enkelgetuie was en haar getuienis met versigtigheid geëvalueer moet word. Mnr Solomon voer verder aan dat die klaagster se getuienis ook versigtig benader moet word omdat dit identifisering behels. Hy submitteer dat die landdros fouteer het deur die klaagster se getuienis te aanvaar en die beskuldigde se getuienis nie te oorweeg nie, alhoewel sy getuienis oor die roof nooit verwerp is nie.

Die klaagster het getuig dat die appellant en sy vriend haar van agter af genader het terwyl sy naby 'n park geloop het. Sy het hulle skuins gewaar maar later het die beskuldigde haar van agter af gegryp en haar mond toegehou. Hy het haar beveel om stil te bly of sy sou seergemaak word. Hy het ook gesê dat sy haar kappie oor haar gesig moet trek. Sy medepligtige het haar juwele van haar ore en vingers verwyder en hy is daarna weg.

Beskuldigde het haar om haar lyf vasgehou en sy moes saam met hom loop terwyl haar gesig nog steeds toegemaak was

/....

met die kappie. Toe hulle by die agterplaas van 'n reeks woonstelle kom, het hy haar op die grond neergegooi en geslagsgemeenskap met haar gehad. Hy het haar daarna op 'n bank gegooi en haar beveel om bo-op hom te sit terwyl hy haar verder verkrag het. Sy het hom gesê om haar nie te beseer nie omdat sy swanger was. Sy het hom gevra om haar huis toe te neem. Hy het haar huis toe vergesel en gesê dat sy haar kappie kan afhaal. Sy het hom herken as iemand wat saam met haar vader gewerk het.

Sy het die appellant meegedeel dat sy op 'n vorige geleentheid ook beroof en verkrag is. Sy sê dat sy biere gedrink het die betrokke aand, maar sy was nie dronk gewees nie.

Die appellant het getuig dat hy daardie aand Mandrax gerook het en alkohol gedrink het. Hy beweer dat hy 'n lid van die American bende was. Hy sê dat hy twee persone op die veld gesien het. Toe hy hulle nader, het hy een herken as Boetatjie, 'n lid van 'n verskillende bendegroep. Boetatjie het toe weggeloop en die klaagster het gesê dat sy deur hom beroof is. Sy het hom gevra om haar na haar huis toe te neem. Hy beweer dat die klaagster nie so dronk was nie, maar sy prokureur het beweer dat sy baie dronk was.

/ ....

Hy sê dat hy begin het om weg te loop, maar sy het hom agtervolg. Sy het hom gevra om haar juwele terug te kry en as vergoeding sou sy omgang met hom hou.

Appellant se prokureur het dit aan die klaagster gestel dat sy hom omgang aangebied het as hy haar sou huis toe neem, terwyl die appellant eers sê dat sy hom geslagsgemeenskap aangebied het omdat hy haar juwele moes terugkry. Later sê hy die aanbod was omdat hy haar moes huis toe neem. Dit is duidelik dat die appellant sy weergawe aangepas het.

Die verdediging het die klaagster se moeder geroep om te kom getuig. Al wat sy bygedra het, was om te getuig dat die klaagster wel soos bier geruik het.

Die Hof het wel die versigtigheidsreël omtrent enkelgetuies toegepas in die evaluering van die klaagster se getuienis. Op bladsy 106, reël 5 van die rekord sê die landdros die volgende:

> "En die Hof soek vir waarborge wanneer dit kom by enkelgetuies en die waarborge, na my oordeel, is te vinde in die ondersteuning wat jy kry in haar vader se getuienis en in die stawing wat haar ma vir haar

> bied met betrekking tot haar geestestoestand by die polisiestasie."

Die beskuldigde het sy getuienis aangepas met die verloop van die verhoor. Hy het gesê dat sy so dronk was dat sy aan hom vasgehou het en toe hy gekonfronteer word oor hoe sy hom vertel het van 'n vorige roof en verkragting asook van haar swangerskap, sê hy sy was nie so dronk nie. Eers sê hy dat sy vir hom seks aangebied het in ruil vir juwele wat hy sou terugkry en later sê hy sy het dit aangebied omdat hy haar moes huis toe neem.

Die klaagster was gekonfronteer met die appellant se weergawe dat iemand haar beroof het voor die appellant by haar aangekom het. Sy het hierdie stelling ontken en haar getuienis is nie ontwrig nie. Sy het eerlik voorgekom en die landdros het haar getuienis aanvaar. Die weersprekings in die appellant se getuienis asook die verskil tussen sy weergawe en die stellings gemaak deur sy prokureur beïnvloed sy geloofwaardigheid. Die landdros het nie fouteer in sy evaluasie van die getuienis nie en hy het die versigtigheidsreël omtrent enkelgetuies toegepas.

Daar is dus geen mistasting deur die Hof a *quo* begaan nie. Hierdie Hof het geen rede om met die skuldigbevinding op die

aanklag van roof in te meng nie. Gevolglik sal ek die appèl van die hand wys en die skuldigbevinding en vonnis bekragtig.

..............................................

ALLIE, R

<u>VELDHUIZEN, R</u>: Ek stem saam en dit word so beveel.

..............................................

VELDHUIZEN, R

/....